



In your reply, please quote: **Huiswinkels en onwettige strukture**

Reference: **Mediaverklaring: 3 Maart 2021**

Enquiries: **RdI N Mercur**

HUISWINKELS EN ONWETTIGE STRUKTURE (BOUSELS)

Die Raad het op 23 Februarie 2021 'n besluit geneem wat huiswinkels (*spaza shops*) raak. Tydens debattering van die item in die Raad, is die kwessie van onwettige bousels (strukture) ook te berde gebring. In hierdie verband is veral klem gelê op die Raad se beweerde versuim om deur sy relevante departemente en beamptes, daadwerklik teen oortreders op te tree. Die bespreking in die Raad het gespruit uit 'n mosie wat deur 'n raadslid voorgelê is wat vra dat ondersoek ingestel word waarom die BVM se wetgewing en beleide nie toegepas word nie. By nadere ontleding het dit geblyk dat die mosie eintlik tweeledig van aard is, te wete:

- Die oprigting van strukture/bousels sonder die nodige BVM goedkeurings
- Die bedryf van huiswinkels

Die twee knelpunte word vervolgens afsonderlik bespreek.

1. Oprigting van strukture/bousels sonder BVM goedkeuring

- Die oprigting van geboue en strukture word gereguleer deur die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet 103 van 107) en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.
- BVM het 'n volwaardige bou-afdeling wat onder beheer van 'n geakkrediteerde stadsbeplanner en boubeheer beampte funksioneer.
- Die bouregulasies maak ook voorsiening vir sogenaamde klein bouwerk (*minor building works*) waarvoor formele bouplanne nie benodig word nie, maar waarvoor goedkeuring nogtans van die bou-afdeling verkry moet word.
- Onwettige bouwerk/oprigting van strukture word hoofsaaklik gedoen om huisvesting te verskaf of dien as 'n bron van ekonomiese oorlewing. Dit gaan dus oor "blyplek" en "kos-op-die-tafel".
- Die Raad kan wel sy administrasie opdrag gee om onwettige strukture voor die voet af te breek, maar enige regdenkende mens sal kan insien dat dit tot absolute chaos sal lei. Mense sal sonder heenkome wees en kinders, bejaardes, vroue en ander weerloses sal die ergste geraak word.
- Dit word nie betwis dat die bestaande wetgewing nie ten volle toegepas word nie en word daadwerklik gepoog om 'n beleid vir agterplaas-bewoners (*backyard dwelling*) in plek te kry.

2. Huiswinkels

- Huiswinkels/*spaza shops* is 'n verskynsel wat gekom het om te bly.
- Die gebruik het sy ontstaan en oorsprong te wyte aan werkloosheid, armoede en die mens se natuurlike behoefte aan lewensnoodsaaklikhede.

- Dit is egter ook 'n hartseer werklikheid dat huiswinkels vir wanpraktyke aangewend word en hierdie euwel moet dringend aangespreek word.
- Die Raad se besluit van 23 Februarie 2021 gee opdrag aan die administrasie om voorstelle ten opsigte van beleid vir die regulering van huiswinkels, voor te berei vir oorweging deur die Raad. Die gemeenskap sal sonder twyfel om insette genader word.
- Die Raad se voorgestelde verordening vir 'n Standaard Soneringskema ("Standard Zoning Scheme By-Law") maak voorsiening vir "huiswinkels" waardeur erkenning verleen word aan die ekonomiese- en gemeenskapswaarde van goed-gereguleerde huiswinkels.

SAMEVATTING

HUISWINKELS/SPAZA SHOPS (INFORMELE SEKTOR)

- Huiswinkels is 'n integrale deel van die informele ekonomie. Die informele sektor fokus hoofsaaklik op handel en smousery. Ekonomie beskryf informele handel as volg : " the part of the economy that is neither taxed nor monitored by any part of the government. Although the informal sector makes up a significant portion of the economies in developing countries, it is sometimes *stigmatized as* troublesome and *unmanageable*. However the informal sector provides critical economic opportunities for the poor "
- Die Wes-Kaapse werkloosheidsyfer is gedurende September 2020 aangedui as 27.3%. Hierdie syfer is grootliks aangevuur deur die Covid-19 pandemie wat 321 000 werksgeleenthede vir die Wes-Kaap verlore laat gaan het.
- Daar is geen kans dat die informele sektor, waaronder huiswinkels(*spaza shops*), sommer net tot niet gemaak kan word nie. Indien 'n individu of groep wel so "braaf" sou wees om tot so 'n stap oor te gaan, sal dit tot grootskaalse swaarkry lei met katastrofiese gevolge.
- Wat benodig word is 'n pragmatiese benadering met behoorlike, wetenskaplik-gefundeerde beleide en bestuursmodelle om die informele sektor te reguleer.

ONWETTIGE BOUWERK

- Daar bestaan voldoende wetgewing vir die beheer oor en regulering van bouwerk binne die BVM regsgebied.
- Vir groot bouwerk word formele bouplanne vereis, maar daar is ook voorsiening vir 'n minder formele permit-proses vir klein bouwerke (*minor building works*).
- Niemand mag enige strukture op sypaadjies of enige ander munisipale eiendom oprig nie.
- Die uitdaging is egter grootliks die ongemagtigde strukture wat vir woondoeleindes aangewend word. Daar word voortdurend deur die bou-afdeling met aksies begin waar sulke klagtes ontvang word, maar baie van die klagtes word om menslikheidsredes laat vaar en regsoptrede dikwels gestaak.
- Die BVM regsafdeling het ook 'n mediasie-proses ingestel waardeur partye (dikwels bure) byeengebring word wat in 'n geskil mag wees oor onwettige bouwerk.
- 'n Beleidsraamwerk vir agterplaas bewoning is in wording om rigting te gee aan optimale benutting van grond en die gevolglike verdigting van woongebiede.

OPGESTEL DEUR : NEIL P MERCUUR
SPEAKER
3 MAART 2021